Radikale Redenaar

Algemene Inligting

Neem asseblief kennis dat alle bestellings vir toesprake gesluit is vir 2017.

.

1. Kontakbesonderhede

Kontak ons gerus deur ‘n e-pos te stuur aan radikaleredenaar@gmail.com

of te sms/skakel by 072 180 6501

Neem asb kennis van ons nuwe faksnommer

086 663 8315

Lees asb ALLE afdelings noukeurig deur aangesien daar ‘n paar veranderinge aangebring is.

2. RADIKALE REDENAARSFEES

Doel

Die RRF streef daarna om vir ALMAL die geleentheid te bied om voor 'n gehoor op te tree deur 'n toespraak te lewer. Redenaars op skoolvlak is meer as net *praat-kompetisies*. Nie net lewer redenaars 'n positiewe bydrae tot elke spreker se selfvertroue en selfkonsep nie, maar dit dra ook tot verbeterde kommunikasievermoëns by. Ons poog om die RRF so lekker, lig en informeel as moontlik te hou. Klem val op aanmoediging en motivering, eerder as kritiek.

Wie mag deelneem?

Alle skoliere! Van Graad R leerders tot Graad 12 leerders is welkom. Skole mag enige getal leerders inskryf en daar is geen beperking op hoeveel leerders per graad per skool mag deelneem nie. Leerders neem in graadverband deel en een leerder is welkom om in meer as een afdeling in te skryf. Skole mag ook meer as een span per graad inskryf.

Temas / Onderwerpe

Die temas en onderwerpe vir alle grade is heeltemal oop. Leerders is meer as welkom om hul ATKV of Super 12 toesprake weer te gebruik, maar kan ook iets nuuts skryf vir die geleentheid.
Die enigste vereiste van die RRF is dat leerders beredeneerbare toesprake moet hê. Die hoofdoel van die praatjie is nie die oordra van kennis nie, maar om die gehoor te oorreed van die spreker se standpunt. Die basiese reëls en regulasies geld ten opsigte van die inhoud van toesprake. Kyk gerus na die onderskeie beoordeelvorms as aanduiding van wat verwag word.

Tydsduur

Graad R - 3: Nie langer as 4 minute nie.
Graad 4 - 7: Nie langer as 5 minute nie
Graad 8 - 12: Nie langer as 7 minute nie
Spanne Graad R-5: Nie langer as 8 minute nie.
Graad 6-7: Nie langer as 10 minute nie.
Graad 8-12: Nie langer as 12 minute nie.
Let wel : Met uitdunrondtes word wel nie tyd geneem, maar deelnemers sal wel gestop word as hul oor die tyd gaan met Streeks- en Nasionale Finaal. **Maak dus asseblief seker dat leerders se toesprake die regte lengte is**. Daar is ook GEEN ONVOORBEREID nie.

Afdelings

R01 - Afrikaans Moedertaal
R02 - Afrikaans Addisionele Taal
R03 - Engels Moedertaal
R04 - Engels Addisionele Taal
R05 - Tweetalig (50% Afrikaans / 50% Engels)
R06 - Afrikaanse Spanredenaars
R07 - Engelse Spanredenaars
R08 - Eksperimentele Afdeling (Individueel)
R09 – Eksperimentele Afdeling (Groepe)
R10 - Engelse Eksperimentele Afdeling (Individueel)
R11 – Engelse Eksperimente Afdeling (Groepe)

Afrikaans Moedertaal en Addisionele Taal

Die basiese reëls van redenaars geld in hierdie afdelings.
Die onderwerp moet beredeneerbaar wees. **Geen** motiverings- , inligtings- of vermaaklikheidstoesprake nie.
Die inleiding en slot moet treffend en effektief wees.
Slegs twee bronne word vereis by Graad R-5 en drie bronne by Graad 6-12.

Beoordeelvorm

Afrikaans
Moedertaal en Addisionele Taal

Toespraak:	/10
Inleiding: Effektief, treffend, gepas?	
Onderwerp en Taalgebruik: Duidelik, beredeneerbaar, gepas, kreatief?	
Struktuur en inhoud: Duidelike, logiese hoofargumente?	
Bronne en voorbeelde: Volledige bronne, eie voorbeelde, eie opinie?	
Slot: Opsomming, treffend, effektief?	
Totaal	

Aanbieding:	/10
Selfvertroue: Selfversekerd, oortuigend en geloofwaardig?	
Stemgebruik: Natuurlike geselsstyl, intonasie, artikulasie	
Gebare: Natuurlike gebare, sinvol, gepas, treffend	
Oogkontak en notahantering: Gemaklik en natuurlik?	
Algemene indruk: Beïndruk die spreker die gehoor?	
Totaal	
Groottotaal	

Notas met beoordeling:

Inleiding: Effektief, treffend, gepas?	Die inleiding moet kort en kragtig wees. Die gehoor moet gegroet word. Die onderwerp moet reeds in die inleiding duidelik wees. Die inleiding moet by die onderwerp en inhoud pas.
Onderwerp: Duidelik, beredeneerbaar, gepas, kreatief?	Weet jy waaroor redenaar redeneer? MOET beredeneerbaar wees, hoe sterker, hoe beter. Moet by spreker en ouderdom pas. Kreatiewe, vars en relevante onderwerpe kry hoër punte!
Struktuur en inhoud: Duidelike, logiese hoofargumente?	By Graad R-2 is 2 hoofpunte voldoende. Daarna 3 of 4. Is elke hoofargument duidelik onderskeibaar? Die argumente moet sin maak en direk verband hou met onderwerp.
Bronne en voorbeelde: Volledige bronne, eie voorbeelde, eie opinie?	Elke hoofargument moet een omvattende bron bevat. Aanhalings is NIE bronne NIE. Daar moet genoeg van die spreker se eie opinies en voorbeelde wees vir balans.
Slot: Opsomming, treffend, effektief?	Daar moet vinnig verwys word na hoofargumente. Die slot moet aansluit by inleiding. Kyk ook hier na taalgebruik: was dit gepas en treffend? Kyk na gebruik van idiome ens.
Selfvertroue: Selfversekerd, oortuigend en geloofwaardig?	Groot verskil tussen selfvertroue en oordramatisering : dit moet natuurlik wees! Let hier na slegte maniërismes en irriterende gewoontes. Spreker moet natuurlik oorkom.
Stemgebruik: Natuurlike geselsstyl, intonasie, artikulasie	Waak teen sprekers met "ritmiese" of "singerige" stemme. Let hier na volume, maar ook na duidelikheid en wisseling. *Natuurlikheid* is die fokus! Let ook na korrekte uitspraak.
Gebare: Natuurlike gebare, sinvol, gepas, treffend	Geen ingeoefende bewegings nie! Spreker moet natuurlike handgebare gebruik en as die spreker rondbeweeg moet dit NATUURLIK wees. Kyk ook na balans - niks oordrewe nie.
Oogkontak en notahantering: Gemaklik en natuurlik?	Spreker moet na gehoor kyk en nie oor hul koppe, of teen die muur nie. Geen "tikmasjien" oogkontak nie. Notas moet verkieslik in een hand vasgehou word en gereeld gewissel word.
Algemene indruk: Beïndruk die spreker die gehoor?	Eie subjektiewe opinie. Let na die gehoor se reaksie tydens die aanbieding. Is hulle betrokke? Dikwels het sprekers net 'n X faktor wat nie verduidelik kan word nie - hier gee jy sy punte!

English Home and Additional Language

The same basic rules (that are applied in the Afrikaans category) are applicable. The topic must be argumentative.

Adjudication form

English
Home and Additional Language

Content	/10
Introduction Effective, suitable?	
Topic and Language: Argumentative, suitable, creative?	
Structure and content Clear, logical arguments?	
Research and examples Own examples, adequate research?	
Conclusion Summary, effective, suitable?	
Total	

Presentation	/10
Confidence Enthusiastic, confident speaker?	
Voice Volume, articulation, clear?	
Gestures Natural, effective, suitable?	
Eye contact and note handling Natural and comfortable?	
Overall impression Are you impressed with the speaker?	
Total	
Grand total	

Tweetalige afdeling

In hierdie afdeling moet die toespraak steeds beredeneerbaar wees. 50% van die toespraak moet Afrikaans wees en die ander helfte Engels. Afrikaans en Engels kan gemeng word, of die toespraak kan in Afrikaans begin en in Engels eindig. Dit is elke redenaar se eie voorkeur, solank die toespraak gebalanseerd is. Dieselfde basiese reëls geld vir toesprake.

Beoordeelvorm

Tweetalig

Toespraak:	/10
Inleiding: Effektief, treffend, gepas?	
Onderwerp en Taalgebruik: Duidelik, beredeneerbaar, gepas, kreatief?	
Struktuur en inhoud: 50% Afr, 50% Eng? Logies, sinvol?	
Bronne en voorbeelde: Volledige bronne, eie voorbeelde, eie opinie?	
Slot: Opsomming, treffend, effektief?	
Totaal	

Aanbieding:	/10
Selfvertroue: Selfversekerd, oortuigend en geloofwaardig?	
Stemgebruik: Gemaklike wisseling tussen Afr en Eng?	
Gebare: Natuurlike gebare, sinvol, gepas, treffend	
Oogkontak en notahantering: Gemaklik en natuurlik?	
Algemene indruk: Beïndruk die spreker die gehoor?	
Totaal	
Groottotaal	

Spanredenaars (Afrikaans en Engels)

'n Span bestaan uit 3-5 lede. Daar moet 'n duidelike inleiding, drie argumente en 'n slot wees. Leerders neem in skooldrag deel en is welkom om van **HANTEERBARE** hulpmiddels (indien nodig) gebruik te maak en humor word aangemoedig. Spanwerk tussen lede is ook belangrik.

Beoordeelvorm
Spanredenaars

Toespraak:	
	/10
Is die onderwerp geskik en beredeneerbaar? Is die inleiding effektief/treffend?	
Sluit al die sprekers se toesprake by mekaar aan? Gebruik elke spreker ten minste een bron?	
Vorm die toesprake saam 'n goeie eenheid? Is die inhoud voldoende/genoegsaam?	
Gebruik die sprekers eie voorbeelde? Is taalbegruik skeppend en kreatief?	
Is die slot effektief en treffend? Is die gehoor/beoordelaars oortuig?	
Totaal	

Aanbieding:	
	/10
Is die sprekers netjies versorg? Is die sprekers selfversekerd en oortuigend?	
Is die spanwerk sterk genoeg? Kan mens al die sprekers hard en duidelik hoor?	
Kyk die sprekers na mekaar tydens lewering? Maak die sprekers oogkontak met die gehoor?	
Is die sprekers se intonasie en stemwisseling goed? Is die sprekers se notahantering goed?	
Wat is die algemene indruk van die span? Beindruk die span die gehoor?	
Totaal	
Groottotaal	%

Eksperimentele afdeling

Die eksperimentele afdeling is nie so streng en formeel soos die gewone Afrikaans en Engelse afdelings nie. **Die toespraak moet beredeneerbaar wees**, maar dit is waar die voorskrifte stop. Die toespraak kan in Afrikaans of Engels wees. 1-5 sprekers kan die toespraak lewer. Die toespraak moet asseblief nie 7 minute oorskry nie.
Politiek, … alles is welkom! **Geen bronne word vereis nie**.Kreatiwiteit sal deurslag gee. Dis hier waar redenaars aangemoedig word om hul eie toesprake te skryf. Dit is egter NIE die voorskrif NIE. Leerders moet in **skooldrag deelneem en is welkom om HANTEERBARE hulpmiddels te gebruik**. Die fokus bly egter op die oorredingselement. Waarvan oortuig die spreker die gehoor?

Beoordeelvorm **Eksperimenteel**	
Toespraak:	/10
Inleiding: Effektief, treffend, gepas?	
Onderwerp en Taalgebruik: Duidelik, beredeneerbaar, gepas, kreatief?	
Inhoud: Is die argumente sinvol en logies?	
Voorbeelde: Gebruik die spreker genoeg voorbeelde?	
Slot: Opsomming, treffend, effektief?	
Totaal	
Aanbieding:	/10
Selfvertroue: Selfversekerd, oortuigend en geloofwaardig?	
Stemgebruik: Natuurlike geselsstyl, intonasie, artikulasie	
Gebare: Natuurlike gebare, sinvol, gepas, treffend	
Oogkontak en notahantering: Gemaklik en natuurlik?	
Algemene indruk: Beïndruk die spreker die gehoor?	
Totaal	
Groottotaal	

Hoe neem ons deel?

Elke skool vul die inskryfvorm in en faks of e-pos dit aan ons saam met die bewys van betaling, en binne 7 *dae na die sluitingsdatum*, ontvang julle tyd en plek van deelname. (Privaatinskrywings is welkom.) Ons versoek egter dat inskrywings **betyds (voor of op die sluitingsdatum)** gestuur word aangesien laatinskrywings veroorsaak dat die program laat uitgestuur word. Maak asseblief seker dat die kategorie waarvoor die leerder inskryf volledig en **korrek** is. Indien daar enige veranderinge (skuiwe) aan die program is moet u ons **asb 2 dae voor** dag van deelname verwittig.

Aan die einde van elke provinsie se fees, word 'n Streeksfinaal, oftewel 'n Provinsiale Finaal, gehou waar wenners in elke graad en afdeling aangewys sal word. Die name van die redenaars wat na hierdie rondtes deurdring verskyn op die webblad.

Inskrywings

Inskryfgelde beloop R95 per leerling per afdeling en spanredenaars beloop R190 per span.

Die bankbesonderhede is as volg:

Radikale Redenaar, FNB Tjekrekening # 62 508 399 400, Woodlands tak #230732

Gebruik asseblief RR en u skool se naam as verwysing.

Die inskrywingsvorm is ook op ons web beskikbaar. Maak asseblief seker dat dit volledig voltooi is en let veral op dat die kategorie waarvoor die leerder inskryf korrek is.

3. RADIKALE SKRYFKUNSFEES

Leerders skryf graag gedigte, kortverhale, stories en selfs lirieke en die RSF gee hulle die geleentheid om hierdie skryfstukke in te skryf ten einde kommentaar en terugvoer te kry. Skole mag enige hoeveelheid leerders inskryf en leerders mag enige hoeveelheid skryfstukke inskryf. Inskrywings beloop R95 per skryfstuk.

Skool vul inskryfvorm (Dieselfde een as vir die Redenaarsfees) in, betaal die inskryfgeld en pos die skryfstukke, saam met die inskryfvorm en bewys van betaling aan:

Postnet Suite 248, Privaatsak X20009, Garsfontein, Pretoria, 0042

Die skryfstukke, sertifikate en kommentaar word dan aan u teruggepos.

Privaat inskrywings is ook welkom.

Die sluitingsdatum vir hierdie afdeling is 5 September 2017.

Afdelings
S01 – Afrikaanse Poësie
S02 – English Poetry
S03 – Afrikaanse prosa / kortverhale
S04 – English prose / short stories
S05 – Eksperimenteel (everything else!)

4. Radikale Leesfees

Doel van leesfees:
Om soveel as moontlik kinders aan die lees te kry! Hierdie hardop-leeskompetisie wil lesers aanmoedig om interessante leesstukke en gehalte poësie te kom voorlees. Neem asseblief kennis dat **geen voordra** van ‘n gedig toegelaat word nie, aangesien dit ‘n **lees** afdeling is. **GEEN ONVOORBEREID.**

Wie mag deelneem:
Alle lesers van graad 1 – graad 12. Die kompetisie word in graadverband beoordeel.

Kategorieë:

L01 – Afrikaanse Prosa (LEESSTUK) (Laerskool – maks. 2minute, Hoërskool – maks. 3min)

L02 – Afrikaanse Poësie (GEDIG) (maksimum 2 minute)

L03 – English Prose (STORY) (Primary school – max 2min, high school – max 3min)

L04 – English Poetry (POEM) ((Maximum 2 minutes)
Ons versoek vriendelik dat leerders tydens voorbereiding oplet na die tyd.

Vereistes en riglyne:

1. Enige werk mag gelees word – geen beperking op skrywers of tipe leesstuk. ‘n Uitreksel mag ook uit ‘n werk voorgelees word.

2. Alle aanbiedings moet formeel wees, met ander woorde, in skooldrag en geen hulpmiddels nie.

3. Elke leser stel eers homself voor, die naam van die werk en die skrywer. Bv. Ek is Manie van der Merwe, ek lees vandag vir u “Lappies” van Dana Snyman.

4. Lesers moet ‘n duidelik gefotostateerde afskrif van die leesstuk ingee by die beoordelaar.

Hoe? Wat? Waar?

Lesers neem op dieselfde dag as die redenaars deel. Skole vul die inskryfvorm in (dieselfde een as wat vir die redenaars gebruik word) en stuur dit aan ons terug. Binne 7 dae na die sluitingsdatum sal lesers plekke en tye van deelname ontvang. Kyk gerus na die datums soos uiteengesit onder die redenaarsfees (onder “Dagboek” op die web) en kontak gerus vir Annelie met enige navrae.

Inskrywings:

Koste beloop R70 per item.

Bankbesonderhede:

Radikale Redenaar, FNB Tjekrekening # 62 508 399 400, Woodlands tak #230732

Radikale Leesfees: Voorbereide lees	
1. Voorstel van leser en teks: • Is dit volledig, effektief en treffend? • Is dit in 'n natuurlike geselsstyl?	/10
2. Keuse van teks: • Is die teks gepas, gegewe die leser se ouderdom?	/10
3. Kwaliteit van teks: • Is dit lekker luisterstof? • Is dit goeie kwaliteit leesstof?	/10
4. Oogkontak en hantering van teks: • Is die hantering van teks gemaklik en natuurlik? • Is daar goeie balans tussen oogkontak en voorlees van teks?	/10
5. Leesspoed en vloeiendheid: • Komplimenteer die leesspoed die teks? • Vorm die leesstuk 'n goeie geheel?	/10
6. Intonasie en artikulasie: • Is daar stemwisseling tussen hard en sag? • Word woorde korrek uitgespreek?	/10
7. Stemgebruik: • Is stemvolume gepas? • Gebruik die leser stem ten volle?	/10
8. Selfvertroue: • Is die leser selfversekerd? • Is die leser op sy gemak?	/10
9. Noukeurigheid: • Lees die leser die teks woord-vir-woord korrek?	/10
10. Algemene indruk: • Beïndruk die leser die gehoor? • Geniet die leser die voorlesing?	/10
TOTAAL	/100

Daar sal nader aan die tyd van deelname bevestig word indien hierdie afdeling gaan deel word van die Streeksfinale.